Top Vibe

ONLINE

KIDS MAGAZINE

APRIL 2025

ISSUE 81

Leer jou kind hoe om water te spaar

Photos of the stationary drop off project thank you for your contribution

INDEX

CONTENT

Top Vibe
ONLINE Kids Magazine

COMMENTS:

Please send us an e-mail to
admin@topvibe.co.za
to share your opinion, ideas and comments.

COPYRIGHT:

Content of Top Vibe Kids Magazine is protected by copyright. NO part of this publication may be reproduced or used in any form whatsoever without prior settelment with the editor.

DISCLAIMER:

The Editors or the publisher cannot be held responsible for damages or consequences of any errors or omissions neither do they stand warranty for the performance of any article, letter and / or advertisement. The views of other writers or articles in this Magazine are not necessarly the views of the Editor.

MEDIA HOUSE:
TOP VIBE MAGAZINE
TOP VIBE KIDS MAGAZINE
GLAMOUR TALK MAGAZINE
50+ MAGAZINE / TYDSKRIF

EDITOR:
Charmaine Britz

CONTACT DETAILS:
Cell: 072 768 8582

E- MAIL:
admin@topvibe.co.za

WEBSITE:
www.topvibe.co.za

1.

OUR ADVERTISERS:

Support our advertisers they support
us!

2.

LEER JOU KIND GELD SPAAR:

Help jou kind om geld te spaar.

3.

MEDIA HOUSE PROJECTS:

Please support our projects for 2025 . It's so much fun...

4.

FACE OF TOP VIBE KIDS MAGAZINE 2025:

Read about our little Face of Top Vibe Kids Magazine 2024/25



REGULARS

1. EDITORS NOTE 03

Charmaine Britz CEO - MEDIA HOUSE
Top Vibe Magazine / Top Vibe Kids Magazine,
Glamour Talk Magazine and 50+ Magazine/ Tydskrif.

2. AMBASSADORS 04

Top Vibe Kids Ambassadors: Meet our Ambassadors for 2025. It's their second year as ambassadors. Taygan Botha, and Celesté Bam

3. IT'S FUN TIME 08

We at Top Vibe Kids Magazine try to keep you busy with fun things to do. Hope you enjoy!

4. MODEL COVER PAGE 01

Our cover page is about Easter

5. BACK PAGE 20

Back page: Our next Issue is our May 2025 Issue our Mothersday

Photographer: Albertus Kriel
Venue: Turn & Tender Vaalmall

REDAKTEURS NOTA

Liewe maats,

Maats soos julle weet is ons maar altyd besig om iets lekkers te doen. Vanjaar is geen uitsondering nie. Ons Paaseier projek is om die draai waar ons Paaseiers insamel om vir kinders te gee wat dit nie kan bekostig nie.

Vra mamma of jy ons kan help en 'n boks Paaseiers borg.

Dan is daar ons Moedersdag uitgawe waar jy en mamma op die voorblad van een van ons vier tydskrifte kan pronk. Skryf in sien bladsy 8.

Hou die spassie dop vir dinge wat ons beplan.

Dit is hier waar ons pret het!

Werk hard en wees soet.

Geniet die maand van herfs...

Liefde

Charms

OUR AMBASSADORS

CELESTé BAM

Helloooo liewe kiddo's!

Dis storie tyd saam Bennie die Hasie.

Dit was Paasnaweek, en Bennie die hasie het 'n baie belangrike taak gehad om te doen. Hy moet kleurvolle eiers weg te steek vir al die kinders om te vind!

Bennie het vroeg wakker geword, sy mandjie vol eiers gegryp en uitgehuppel: "Kom ons maak dit die beste Paasfees ooit!" sê hy met 'n groot hasie-glimlag.

Eers het hy 'n blou eier onder 'n bos weggesteek. Toe rol daar 'n pienk eier agter 'n boom in. Maar toe Bennie omdraai om die pienk eier onder die boom op te tel, probeer 'n stoute eekhoring die groen eier uit die mandjie vat! "Nee, nee, meneer Eekhoring! Hierdie is vir die kinders!" het Bennie gelag.

Bennie het toe die pienk eier mooi onder die boom weg gesteek en die stoute eekhoring het gehelp om die groen eier weg te steek binne in 'n boom.

Teen die tyd dat Bennie klaar was, was eiers oral weggesteek – agter blomme, onder klippe, en selfs op die speelgrond-swaaie!

Toe die kinders daar aankom, het hul oë van opgewondenheid verlig. "Kyk! Ek het 'n pers eier gekry!" het een kind geskree. "En hier is 'n reënboog-eier!" het 'n ander gesê.

Bennie kyk van agter 'n bos, sy hasiehart is vol geluk. Die area was gevul met glimlagte!

Daardie aand het Bennie in sy gaaitjie ingekruip. "Ek kan nie wag om volgende jaar alles weer te doen nie!" het hy gesê, voordat hy aan die slaap geraak het met drome van meer Paaspret.

🐰🌸 Geseënde Paasfees,kiddo's! 🌸🐰

Tot volgende maand,

Celesté Bam

Liewe maats,

Ek hoop julle is opgewonde soos ek oor Paasfees.

Ek love, love sjokolade veral die boks paaseiers ek kan maklik so boks alleen opeet.

Dit is mos nou 'n lekker tyd om jouself te verstout en sjokolade te eet tot jou maag pyn...

Mmmmm ek is sommer klaar lus vir dit.. Ek hoop julle kry baie paaseiers.

Help ons asseblief om paaseiers in te samel ons paashaas gaan dit uitgee aan kinders wat nie het nie.

Kom ons maak dit saam spesiaal vir hulle.

Groete tot volgende maand.

Groete Taygan

TAYGAN BOTHA



Media House skryfbehoefte projek

Media House se skryfbehoefte projek.

Ons is baie dankbaar vir elkeen wat 'n bydrae gemaak het tot hierdie projek.

Saam kon ons aan 30 Kinders skryfbehoeftes voorsien.

Die skole wat by die projek gebaat het was *Laerskool Frikkie Meyer*, *Vanderbijlpark* en *Laerskool Totius* , *Vanderbijlpark* asook *Shalom Kidz kleuterskool in Vaalpark*.

Die skole was baie dankbaar vir die bydrae, Media House is dankbaar dat ons 'n verskil kan maak in die gemeenskap.

Learskool Totius se Junior Fase Departements Hoof Mev. Karen Ludick Ontvang die skryfbehoeftes by Charmaine Britz eienaar van Media House.

Learskool Frikkie Meyer ontvangsdame Gomer ontvang die skryfbehoeftes by Charmaine Britz eienaar van Media House. Baie dankie aan elkeen wat ;n bydrae gemaak het vir hierdie projek. Elite Modelskool vir julle bydrae

MEDIA HOUSE 2025 Projects

Our April, May and Aug projects
for more Info call 072 768 8582

MEDIA HOUSE

Easter Project

We are in need of Easter eggs to hand out to underprivileged children. The Easter bunny will be handing it out on 11 April 2025

Your donation would be appreciated call Charmaine 0727688582 or Carin 082 827 6556

MEDIA HOUSE

Mothers Day Cover page Competition

How to enter:
2 x portrait photos of mom and children / child
WhatsApp to 072 768 8582
Entry Fee R100 for 1st photo & R50 for 2nd

Closing date: 25 April 2025
Bank details:
Media House TymeBank Account 5300 2256 770
Ref: Name & surname

Leer jou kind hoe om water te spaar

Verdeel jou tuin in areas met hoë, matige en minimum watergebruik.

Kies waterwys plante met klein, naaldagtige blare.

Plant windskerms.

Bespaar water in die huis deur nie die kraan oophou terwyl jy tande borsel nie, en deur korter storte te neem.

Kook net soveel water in die ketel as wat jy op ’n keer nodig het.

Herstel lekkende krane en vervang stukkende wassers by krane.

Leer jou kinders hoe om water te spaar en doen water besparing oefeninge, byvoorbeeld leer hulle hoe om ’n meter te lees. Vermy om jou tuin op winderige dae nat te lei, want water verdamp vinnig! Maak gebruik van grys water. Dis water vanaf jou kombuis, badkamer wat hergebruik kan word in die tuin.

Goeie water in ‘n glas wanneer jy tande borsel moet nie die kraan laat loop nie.

Wanneer jy hande was tap bietjie water in die wasbak en was jou hande.

Wanneer dit reèn sit ‘n emmer of twee uit en vang reènwater op. Waarmee jy die tuin nat kan maak.

Maak seker jy maak die kraan toe wanneer jy water getap het.

Huidiglik is die Vaaldam so wat 98% vol en almal kan gou bekommerd raak wanneer die dam se waterflak laag is en met goeie rede.

Want as daar nie water is nie beteken ons het droogte, en dan kan dinge baie moeilik raak kyk daar is niks wat jy nie sonder water kan doen nie.

Gaan sit ‘n bietjie maak ‘n lys van wat jy nie sonder water kan doen nie dan sal jy besef om water te gebruik.

Chef Tommy

Kom ons maak roereiers

Benodig:

Pan en mengbak
2 x eiers
Knippie sout
Bietjie melk

Meng goed, gooi in `n pan en hou aan roer tot gaar.

Dit is heerlik op `n snytjie brood en as jy vn tamatiesous hou kan jy dit oor gooi.

Ons bak en brou Saam met my maats...



Kleur My in

Things you can do for your Mother on Mother’s day 11 May

Things Kids Can Do For Mom for Mother’s Day

1. Make Breakfast for Mom Prep everything ahead of time and let the kids make you breakfast for once. ...
2. Make a Handprint Craft Every mom loves their child’s handprint. ...
3. Write About Mom You’re kids think the world of you. ...
4. Draw Mom a Picture Have your little ones draw you a picture. ...
5. Give Her a Card .

Make mom a personalized bouquet wrap by painting a section of bubble wrap in one of Mom's favorite colors. Place a piece of plain tissue paper on top of bubble wrap and lightly press just hard enough to transfer the paint but not so hard the bubbles pop. Repeat with another color. Make sure the tissue paper has time to dry before wrapping it around flowers and presenting it to Mom.

Bust out the watercolors! Arts and crafts for Mother's Day can be part of a special afternoon of creating for the littlest artists in your home. After painting time is over and the watercolor creations have dried, wrap them around a box of cookies, homemade with love!

A fresh bouquet is always a go-to Mother's Day gift; you can make Mom's floral arrangement last forever this year. When it's about time for her flowers to be retired, take out the most vibrant blooms and dry them off. Then, have your little one arrange them face-down on a piece of watercolor paper. Use a hammer or mallet (with a parent's help) to turn her bouquet into a gorgeous pounded flower art print she can frame and keep forever.

What's more precious than a childhood drawing? Give Mom a way to cherish it forever. After the kids draw Mom a picture, scan the art and print it onto water-transfer paper, which is available at crafts stores. Trim closely around the printed image, then place the image in water until it slips easily from the backing.

Carefully place the decal on the plate and smooth any wrinkles or air bubbles. After the plate and decal are dry, seal the artwork with spray varnish.

Remember it’s all about the idea

Wat staan jou te doen as jou kind geboellie word.

Om geboelie te word beteken dat iemand aanhoudend en doelbewus fisies of emosioneel geteister word. Daarom is nie elke belediging of vyandige daad afknouery nie. Hoekom dit saak maak: Party mense gebruik die woord “boelie” om te verwys na enigiets wat hulle ontstel, al is sommer net iets kleins.

Bullebakkery, ook bekend as afknouery, vind plaas van geslag tot geslag. Bullebakkery is nie iets nuuts nie en in die digitale era het bullebakkery nog verder ontwikkel, wat dit makliker vir boelies maak om hul slagoffers te manipuleer. As ouers wil ons altyd hê ons kinders moet gelukkig en veilig wees, veral in opvoedkundige omgewings, soos skool. Tog, soms gebeur bullebakkery, daarom moet ouers weet wat om te doen. Walt Disney het gesê: “Ons grootste natuurlike hulpbron is die gedagtes van ons kinders.” Ons glo dat ouers aksie moet neem om hul kinders te beskerm teen alle skade om gesonde, groeiende gedagtes te verseker.

Aspekte rondom bullebakkery:

1. Wat is bullebakkery?

2. Die gevolge van bullebakkery.

3. Waarom bullebakkery gebeur.

4. Wat om te doen wanneer jou kind geboelie word.

5. Jou aksies kan die hele skool verander.

1. Wat is bullebakkery?

Bullebakkery word gedefinieer as die gebruik van groter krag of invloed om ’n persoon te intimideer. Gewoonlik beteken dit dat die slagoffer gedwing word om iets te doen wat hulle nie wil doen nie, wat die slagoffer pyn, besering en/of nood veroorsaak. Bullebakkery in die skool is skadelik vir leerders se welsyn en hul ontwikkeling, want die slagoffers van boelies in die skool is vreesbevange, verloor konsentrasie en kan selfs liggaamlike besering hê indien dit nie behandel word nie.

Volgens www.stopbullying.gov is daar drie tipes afknouery, naamlik verbale afknouery, sosiale afknouery en fisiese afknouery. Verbale afknouery sluit kwaadwillige dade in soos om die slagoffer te spot, naamnoeming, dreigende en onvanpaste opmerkings. Sosiale afknouery sluit in nare pogings om iemand se reputasie of geloofwaardigheid te vernietig. Dit sluit in die verspreiding van gerugte, die verleentheid van die slagoffer, of die intimidasie van iemand om nie met die slagoffer vriende te wees nie. Fisiese afknouery is die daad om die liggaam of besittings van die slagoffer seer te maak deur te stoot, te breek, te skop, te spoeg of onbeskofte handgebare te maak.

Alle soorte afknouery is ewe skadelik vir die slagoffer en moet nie ligtelik geneem word nie.

Die gevolge van bullebakkery.

Die resultate om as kind geboelie te word kan baie ernstig wees.

Die volgende is voorbeelde, gebaseer op vorige studies, wat kan gebeur wanneer ’n kind geboelie word:

’n Afname in die slagoffer se prestasie in aktiwiteite wat hy/sy liefgehad het om te doen.

Die slagoffer het verhoogde angs en stresvlakke.

Die slagoffer word geïsoleer as gevolg van wantroue in mense.

Verlies in vertroue en selfbeeld.

Psigologiese skade soos wat hy/sy grootword en word ’n disfunksionele volwassene.

In die ergste scenario, kan afknouery lei tot selfmoord. Dit is elke ouer se nagmerrie en ons wil dit ten alle koste verhoed.

Afknouery is nooit aanvaarbaar nie. Om afknouery te voorkom, moet ons verstaan hoekom dit gebeur.

Waarom bullebakkery gebeur.

Bullebakkery gebeur as gevolg van baie faktore en geen kind is soos ’n ander nie. Elkeen word groot in verskillende omgewings, verskillende huishoudings en agtergronde.

Afknouery as gevolg van omstandighede is egter nooit aanvaarbaar nie. Daarom wil ons ’n paar algemene faktore aanspreek waarom kinders ander begin boelie.

Lae selfbeeld

Kinders; en mense in die algemeen; met lae selfbeeld probeer gewoonlik om ander af te bring. Dit is as gevolg van jaloesie en onsekerheid. Om meer oor jaloesie te verstaan, lees ons blog, ‘Hoe om jaloesie van eweknieë te verstaan en oorkom.’ Om meer te verstaan oor die ontwikkeling van ’n gesonde selfbeeld, lees ons blog ‘Hoe om 'n gesonde selfbeeld te ontwikkel.’ Wanneer kinders ’n gebrek aan selfbeeld het, hulle probeer om hul vriende te beïndruk deur ander af te bring. Hulle voel die behoefte om hul eweknieë te beïndruk, maar die enigste manier waarop hulle weet hoe is deur hul slagoffers erger te laat voel as wat hulle voel.

Die gevoel van magteloosheid.

As kinders magteloos voel, as gevolg van faktore wat groter is as hulself, soos finansiële druk by die huis, konflik tussen ouers, onderprestasie in skoolaktiwiteite, hulle word dalk self geboelie, ens. Is hulle is geneig om opstandig op te tree. Dit beteken dat hulle op ’n aggressiewe wyse hulle frustrasie en angs op ander uitoefen sonder om na die gevolge te dink. Hierdie magtelose kinders het geen begrip om hul frustrasie, angs, stres en konflik te hanteer nie, want hulle is nog nooit geleer hoe om dit te hanteer nie. Ons stel voor om met ’n skoolsielkundige te praat om stres, vrees en angs te help bestuur.

Groepsdruk om boelie.

Wanneer kinders sien hoe hul vriende ’n slagoffer boelie, kan hulle aansluit, omdat hulle óf bang om self geboelie te word, óf hulle is bang om uit die vriendegroep geskop te word. Dit is groepsdruk om te boelie. Hierdie boelies voel dat dit nodig is om te boelie om deel van die vriendegroep te bly, selfs al weet hulle dit is verkeerd.

Gebrek aan aanspreeklikheid.

Dikwels word kinders wat boelies is, nooit gekonfronteer met die ware gevolge van hul optrede nie. Hulle het dalk iets soortgelyk gedoen, maar in ’n geringe mate, of hulle was nie uitgevang nie, daarom het hulle nie in die moeilikheid gekom nie. Nou hou hulle aan om die grense te toets om te sien waarmee hulle kan wegkom, sonder om gevang te word.

So, wat gebeur as jy uitvind dat jou kind geboelie word? Wat kan jy, as ouer, doen?

Die beste manier om jou kind te beskerm teen afknouery, is om hulle van ’n jong ouderdom te leer oor boelies. Wanneer ’n kind weet hoe om vroegtydig afknouery te identifiseer, kan hulle daaroor praat, ’n gesagsfiguur betrokke maak en die probleem in die beginfase oplos.

Tog, wat gebeur as jou kind tans geboelie word? Hier is ons aanbevelings *:

Neem onmiddellike aksie.

Baie ouers wil dalk daaruit bly of dat die kinders hulself uitsorteer, maar dit is die verkeerde benadering. Jou kinders moet weet dat jy daar is vir hulle en dat jy hulle sal beskerm. Wanneer jy die eerste tekens van nood of ’n verandering in jou kinders se karakter optel, praat met jou kinders en vind uit of daar afknouery betrokke is. As hulle jou vertel dat daar iemand by die skool is wat hulle pester, benader die situasie kalm en verseker hulle dat jy hulle sal help om dit te hanteer. Vind uit hoe ernstig die afknouery is en hoekom dit gebeur het. Vra jou kind of hulle iets gedoen het om die ander kind uit te daag of dalk het jou kind eerste die ander kind seergemaak het. Ons wil die feit beklemtoon dat jou kind die waarheid moet vertel en nie net aandag moet soek deur ’n ander kind valslik te beskuldig nie, want as jy begin om die bullebakkery te bestry en jou kind valslik ’n ander kind beskuldig het, sal jou geloofwaardigheid op die lyn wees.

As jy egter vasgestel het dat dit suiwer afknouery is en dat jou kind werklik die slagoffer is van die aggressie van ’n boelie, gaan dan voort om verdere stappe te neem.

Praat met die skool.

Die eerste stap is om die skool in te lig. Die meeste skole het anti-boelie strategieë; dit kan egter nie altyd effektief wees nie. Baie dikwels kan bullebakkery op skoolgronde gebeur sonder dat onderwysers weet. Daarom moet jy die skoolhoof en jou kind se onderwysers inlig oor die situasie. Skryf ’n formele

VOLG OP BL 18

Wat staan jou te doen as jou kind geboellie word.

brief waarin jy verduidelik wie die boelie is, hoe jou kind geboelie word en waarom die onderwysers bekommerd moet wees. Jy kan ook 'n afspraak met 'n onderwyser maak, maar maak seker dat jy jou verduideliking op skrif sit (elektronies of per hand). Dit dien as bewys dat hulle nou ingelig is. Sê vir die onderwyser en skoolhoof dat hulle die boelie moet ondersoek en om enige verdere afknouery op hul terrein moet voorkom. Op hierdie manier kan die mense wat veronderstel is om die veiligheid van jou kind te verseker, nie meer die probleem ignoreer nie.

As die bullebakkery baie ernstig was en dat jy die dringend van die problem moet beklemtoon, kry 'n prokureur om die brief te skryf sodat die skool weet hoe dringend die situasie is. Dokumenteer ook enige fisiese mishandeling per foto, indien enige, en as jou kind emosionele trauma ondergaan het, soek die hulp van 'n sielkundige of terapeut.

Stuur die boodskap hard en duidelik.

Die tweede stap is om die ouers van die boelie in kennis te stel van die situasie en hulle te laat weet hoe belangrik dit is om hulle kind aanspreeklik te hou. Dit kan gedoen word deur hulle in te lig dat jy regstappe sal neem as die boelie nie dadelik gestop word nie. Beklemtoon die feit dat indien die boelie nie ophou nie, die wetsowerhede betrokke sal raak. Laat hulle weet die skool is bewus van die situasie en daar sal ernstige gevolge wees as hul kind nie ophou nie. Daar is 'n anonieme aanhaling wat sê: "Dit gaan daaroor om boelies, en in sommige gevalle hulle ouers, verantwoordelik en aanspreeklik te hou."

Teen hierdie tyd is die skool en die ouers van die boelie bewus van die situasie. Gesamentlik met die bedreiging om regsamptenare te betrek, moet die boelie baie druk voel om die afknouery te stop. Gewoonlik, wanneer 'n boelie voel die gewig van hul gevolge (soos om uit die skool geskors te word of selfs 'n kriminele rekord as daar ernstige fisiese afknouery was), veel groter is as die plesier wat hulle uit bullebakkery kry, sal hulle stop.

Wat as die boelie nie ophou nie?

Dit is een van 'n ouer se grootste vrese: "Wat as ek met die onderwysers en die boelie se ouers gepraat het, en die boelie hou steeds aan?" Wel, dan moet jy 'n prokureur aanstel en 'n 'n saak oopmaak. Dit is 'n pynlike proses, maar die veiligheid van jou kind sal daarvan afhang. Wees eerder die ouer wat 'n mense ontstel as om later ernstige gevolge hoef te hanteer – byvoorbeeld, jou kind kan sielkundige skade of depressie ontwikkel of in uiterste gevalle die verlies van jou kind as gevolg van selfmoord. Jou prokureur sal jou help om die verdere vereiste aksies te neem.

Jou aksies kan die hele skool verander.

Die oomblik wat een boelie suksesvol gestop is, sal daar 'n fantastiese transformasie wees in die manier waarop skole bestuur word. Onderwysers sal meer waaksaam wees, boelies sal twee keer dink voordat hulle ander kinders teiken of seergemaak en kinders wat ook geboelie is, kan uiteindelik die moed kry om teen hul eie boelies op te staan. Moenie bang wees om die ouer te wees wat teen boelies opstaan nie. Dit is in die beste belang van alle kinders in die skool.

Afrikaanse Skoolprojekte se advies moet nie gesien word as regsadvies nie, maar slegs voorstelle aan ouers. As afknouery ernstig is, beveel ons aan om die owerhede of die kinderhulplyn per telefoon te skakel by 08000 55 555.

Ons wil alle ouers aanmoedig wat kwessies hanteer waar hul kinders geboelie word. Bly sterk en beskerm jou kinders. Daar is 'n anonieme aanhaling wat sê: "Bullebakkery is nie 'n weerspieëling van die slagoffer se karakter nie, maar eerder 'n teken van die boelie se tekort aan karakter." Herinner jou kinders dat 'n boelie se optrede nie hul skuld is nie, dit is altyd die boelie se skuld. Help jou kinders om hierdie situasies te oorkom en bo die omstandighede uit te styg



MAGAZINE

Media House

NEXT ISSUE - MAY 2025

TO DOWNLOAD GO TO www.topvibe.co.za